

**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 40**

**5 Oktober 2025**

## Liefde van die Bruidstyd

**Die Here het jou nie liefgekry en gekies omdat jy groter was as die ander volke nie, jy was die kleinste van almal. – Deut 7:7**

Die woord wat hier met "liefgekry" vertaal word, dui op die hartstogtelike liefde tussen 'n bruidspaar. Dit is die liefde wat 'n mens se voete onder jou uitslaan en jou lop laat duisel. Klink dit dalk vir jou vreemd dat God se liefde vir mense in sulke terme beskryf word? Nee, glad nie, want dit wil maar net sệ dat God Sy volk, Sy kinders, hartstogtelik liefhet. Daar is 'n emosie in God se liefde vir Sy spesiale eiendom wat op geen ander wyse beter beskryf kan word as hierdie bruidstydliefde nie.
Daar is iets oor hierdie liefdesverhouding wat ons nooit uit die oog mag verloor nie: dit gaan nie oor prestasies en teenprestasies nie. God kry nie mense lief omdat hulle goed presteer nie. Presies waarom God mense liefkry, is 'n vraag wat geen mens kan beantwoord nie. Dis so 'n heerlike misterie soos die liefde tussen twee mense wat maar net met 'n glimlag bevestig: Daar het net iets tussen ons gebeur; ons is seker maar vir mekaar gemaak."
Dis hoe dit werk: ons is gemaak vir God. Geringe, klein, onwaardige sondaarmense, maar tog God se uitverkorenes. En God glimlag oor ons, want Hy is lief vir ons. Daar is net een woord waarmee ons dié soort liefde kan beskryf: genade.
Dink weer 'n slag goed na oor God se liefde vir jou. Dit maak nie saak wie jy is en wat jy van jouself dink of wat ander mense van jou dink nie, God is hartstogtelik lief vir jou. Die feit dat jy dit in Sy Woord lees, is Sy skriftelike liefdesverklaring. Antwoord daarop deur die Here jou God hartstogltelik lief te hệ.

God is hartstogtelik lief vir jou… Hoe voel jý oor Hom?

**Dankie!**

Dat God ons eerste liefgehad het!
Dat Hy Sy liefde aan ons deur, en in Jesus Christus kom openbaar het!
Dat Hy nie wil hệ dat enigiemand verlore moet gaan nie!

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir die kleuterskole, skole en universiteite, kolleges en ander onderigsentrums. Vir hulle veiligheid, goeie onderrig sisteme, en Christelike leiding.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Rudi Kruger
- Johnny Viviers
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Pierre Pienaar
- Marelize Harrison
- Marcel Holtzhausen
- Marina Visser

Laura Viegas
Thys van Tonder
Janine Vorster
Juanita Rossouw
Tannie Nelie van Tonder
Spokie Vorster
Oom Piet Pretorius
Marius van der Westhuizen

**Gedagte vir die week**

**God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly in Hom.**
**1 Joh 4:16**

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org